**Tema: Moenie bang wees om met mense oor Jesus te praat nie want God sal jou help!**

**Lofsang met die oog op die erediens**
Lied 486: 1, 2, 4
Ps. 40-1: 2, 4

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied Ps. 9-2: 1, 7
Votum
Seën
Loflied Ps. 138-2: 1, 3
Geloofsbelydenis: 12 Artikels

**Verootmoedigingsdiens**
Wetlesing: 1 Joh. 5: 1- 13
Sing Ps. 119-1: 13, 14
Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: Matteus 10: 5 – 8 en 16 - 33
Teks: Matteus 10: 19 – 20 en 31-33
Sing Ps. 145-2: 1, 2, 3 (kleuters na hulle bediening)
Woordverkondiging

**Antwoorddiens**
Sing Sb 12-3: 1
Liefdegawes
Gebed (BnB vervolgde kerk)
Sing Ps. 118-2: 4,5
Seën
Amenlied Sb13-2.

Geliefde brs en srs en liewe kinders

Ons almal weet dat ons Here Jesus Christus aan elkeen van ons die opdrag gegee het om vir ander mense van Hom te vertel. Dat ons die boodskap van verlossing en genade in Jesus Christus na die verlore wêreld moet neem.

Ons almal weet wat ons Here Jesus se heel laaste woorde op aarde was! Kan iemand dit gou sê? Ja, ons lees dit onder andere in Matteus 28: 16 – 20: (wys skyfie 1)
"Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. [19]Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en [20]leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."
Direk na hierdie woorde is Jesus in die hemel opgeneem!

ŉ Mens kan dus aanneem dat dit een van sy belangrikste opdragte aan ons is. En tog wanneer ons met mekaar hieroor praat, dan is daar by die meeste van ons baie ongemak, huiwering, selfs vrees vir die uitvoer van hierdie opdrag van Jesus.

Verlede Sondagaand het ons in die kleingroepbyeenkoms met mekaar hieroor gepraat en die oorwegende gevoel oor hierdie opdrag was: Sjoe, dis moeilik! Ek wil dit graag doen maar ek weet nie hoe om te praat of wat om te sê nie! Ek is bang om met ander te praat want sê nou die mense verstoot my! Sê nou hulle vra my vas en ek weet nie wat om te antwoord nie! Wie is ek nou om vir iemand anders te gaan sê dat wat sy of hy glo is verkeerd!

Natuurlik is daar ook gelowiges wat die opdrag getrou uitvoer as deel van hulle daaglikse lewe, maar die meerderheid van ons is bang hiervoor! Brs en srs ons gaan in die volgende 5 weke met mekaar oor hierdie opdrag praat en nou is die wonderlike dat ons Here Jesus juis ons vrese wil aanspreek! (wys skyfie 2) Hy weet ons is bang! Hy ken ons! Hy weet ons is huiwerig en onseker en dink ons is op ons eie wanneer ons met mense moet praat! Dat ons die grense wat ons verhinder kan oorsteek.

Geliefde brs en srs en kinders: daarom vanmore hierdie boodskap:
Moenie bang wees om met mense oor Jesus te praat nie want God sal jou help!
(Wys skyfie 3)

Die Here Jesus wil ons vrese kom wegneen en ons leer hoe ons hierdie opdrag moet uitvoer! Die Here praat met ons oor 4 sake!
1. Christus gebruik gewone mense – soos ons - om sy boodskap uit te dra!
2. Christus verseker ons van God se bystand want ons is vir Hom kosbaar!
3. God rus gewone mense toe met buitengewone krag : die Heilige Gees sal jou help!
4. Moenie bang wees nie om te praat nie, vertrou die Here!
1. Christus gebruik gewone mense – soos ons - om sy boodskap uit te dra!

**Brs en srs, die Here bemoedig ons deur vir ons te verseker: ons is die mense wat Hy wil gebruik!** Jesus het nie nie ŉ spesiale taakmag van hoogs geleerde en gespesialiseerde mense in sy koninkryk wat Hy uitstuur om met mense te gaan praat nie! Nee! Hy gebruik doodgewone mense in die alledaagse gang van hulle lewe!

**Jesus het twaalf doodgewone mense gekies om sy volgelinge of dissipels te wees.** Hierdie 12 dissipels het die kern gevorm van die kerk wat Jesus besig was om te vestig. Die meeste van hulle was vissermanne van beroep. Nie geleerde mense nie, nie gewoond om met mense te praat of te redeneer nie, net ‘n paar manne saam in ‘n skuit om vis te vang!

Toe Hy hulle geroep het, het Jesus het vir hulle gesê: “Kom saam met my en ek sal julle vissers van mense maak!”. Dis presies wat ons Fokustydtema ook wil oordra: Dat ons Jesus oor grense (hindernisse) moet volg om vissers van mense te wees. Ons, ek en jy, gewone mense wat elke dag in die gewone gang van ons lewe besig moet wees om sy opdrag uit te voer!

Natuurlik is daar mense in die kerk wat spesiaal geroep word om voltyds in die Here se diens te staan! Predikante en sendelinge mense wat voel dat hulle voltyds met hierdie taak besig wil wees! Maar hulle vorm die klein minderheid! Hulle kan nie die opdrag uitvoer nie!

**Die mense wat die grootste inpak maak is die gewone gelowiges wat in die gewone gang van hulle lewe met ander mense praat, hulle van Jesus vertel en so groei die kerk!** (Wys skyfie 4) Die 12 dissipels het later 70 geword en die 70 het 120 geword en die 120 het 3000 geword en toe 5000 en later honderde duisende mense wat Jesus vanuit Jerusalem gestuur het om vir ander mense van Hom te gaan vertel! Vandag is daar miljoene gelowiges op aarde wat Jesus gebruik om miljoene ongelowiges te bereik!

**Brs en srs, dit is dus gewone gelowiges in die alledaagse gang van die lewe wat die impakspelers in Jesus se koninkryk is**! Ons almal is Jesus se “bomb squad”! Ook jy! <u>Daar in die gewone gang van jou lewe! In jou huisgesin, in jou familiekring, tussen jou vriende, by die werk – daar gebruik die Here jou! Niemand anders kan dit daar doen nie! Net jy!</u>

**En ja, die Here weet dat jy ongemaklik oor hierdie opdrag!** <u>Die Here Jesus weet dat jy onbekwaam voel, dat jy vrese het en dat al hierdie vrese soos ŉ grens is, ŉ hindernis wat jou keer om te praat</u>! Daarom bevestig Hy weer vanmore vir jou: jy is goed genoeg! Hy wil jou gebruik! En daarom bemoedig Hy jou!

2. Christus verseker ons van God se bystand want ons is vir Hom kosbaar!

**Die Here wil jou bemoedig deur jou te wys op hoe kosbaar jy vir Hom is!** Ja, ons gewone gelowiges is vir God baie kosbaar! Jesus sê: mossies wat eintlik in geldwaarde niks werd is nie – is vir God so belangrik dat nie een van hulle doodgemaak sal word as dit nie God se wil is nie! As God dan so besorg is oor nietige voëltjies – hoeveel te meer is Hy nie oor ons besorgd nie!

**Ons is vir God ons Vader baie meer werd as mossies! Hoeveel dink julle is ons vir God werd?**
**Ons is die lewe van sy Seun werd! God het duur vir ons betaal!** <u>God het ons vir Hom gekoop met die lewe van Jesus Christus waar Hy aan die kruis vir ons sonde betaal het en ons God se eiendom gemaak het!</u>
<u>**Wat doen 'n mens met iets wat jy so duur voor betaal het? Jy pas dit mooi op!**</u>

**Net so ook ek en jy, br. en sr en liewe kinders! God pas ons mooi op want ons is vir Hom kosbaar**! <u>Hy waak oor jou lewe en sal jou beskerm</u> – in besonder as jy bereid is om vir Hom op te staan! <u>**Hy het baie meer mag as mense – wat kan mense aan jou doen wanneer jou lewe in die hand van God is? Niks nie!**</u>

En daarom moet ons vandag nie bang wees om voor alle mense en in alle omstandigheid oor Christus te praat nie! Dit is waartoe Jesus ons vanmore vermaan en aanmoedig!

**Immers: ek en jy is eintlik die boodskap!** Die feit dat ek en jy Jesus ken as ons Verlosser en weet dat ons lewe in sy hand is, dit is die boodskap! Die feit dat Jesus vir ons aan die kruis gesterf het – ons wat eintlik ook verlore sondaars was vanweë ons sonde – dit is die boodskap van genade! Dat God van verlore mense kosbare kinders maak! Dit is juis wat ons moet aanvuur om te praat! Dat ander saam met ons kan deel in die ongelooflike voorreg om kinders van God te wees!

**Geliefdes, mag ons so daaraan dink**: as jy 'n bedelaar op straat was en jy het die plek gekry waar mense kos kan kry, sal jy nie al die ander bedelaars op straat gaan vertel waar hulle kos kan kry nie! En Jesus Christus is die kos! Hy het gekom om verlore mense te red en ons mag dit vir ander vertel! Ons kan moes nie anders nie – ons moet dit doen – sodat die bedelaars van die wêreld kos kan kry! Sodat hulle ook kan ervaar dit beteken om gered te wees en kosbare in God se oë te wees!

3. God rus gewone mense toe met buitengewone krag : die Heilige Gees sal jou help!

**Des te meer as die Here Jesus jou ook vanmore verseker dat God jou sal help wanneer jy van Hom moet vertel!** Die omstandighede wat Jesus hier skets beklemtoon die feit dat daar dinge sal wees wat ons bang maak! Selfs oomblikke wat ons nie onsself kon voorberei om iets te sê nie, **maar die wonderlike is dat God**

**belowe Hy sal ons nooit alleen laat nie! Op daardie oomblik van waarheid waar jy jou in 'n gegewe situasie bevind –** daar tussen jou vriende/of kollegas, of rondom die braaivleisvuur en jy weet: hier moet ek nou praat! Hier mag ek nie oor Jesus stilbly nie – **daar sal die Here jou help!** Hier staan letterlik in ons teksvers: op daar daardie oomblik sal die Heilige Gees vir jou die woorde gee om te kan praat!

**Brs en srs, is die Here nie wonderlik en getrou nie! Hy belowe aan gewone gelowiges dat Hy hulle met buitengewone krag sal toerus sodat ons oor Jesus en oor sy Evangelie kan praat! Dit is ons troos en krag: Jy is nie alleen nie! Jesus het jou sy Gees geskenk – die Heilige Gees wat kragtig in jou werk en jou bereid maak om te getuig! Hy rus jou toe met God se Woord en Hy help jou in die oomblik om die regte woorde te vind!**

Ek en jy moet dit net glo! Ons moet glo dat die Heilige Gees net so kragtig in ons sal werk as in die dissipels! Ek wil 3 voorbeelde uit die Bybel met julle deel.

**1. Kyk maar net die verskil** tussen die bang en weghardloop-dissipels voor die uitstorting van die Heilige Gees en die kragtige getuienis wat hulle na die uitstorting van die Gees gelewe het – sonder vrees vir mense of hulle eie lewe! Toe Petrus en Johannes – die vissers - voor die Joodse Raad – die hooggeleerde teoloë - moes praat was die Joodse Raad se reaksie as volg: (wys skyfie 5)

13Die Joodse Raad was verbaas toe hulle Petrus en Johannes se vrymoedigheid sien, want die Raad het geweet dit is maar ongeleerde en eenvoudige mense. Die raadslede het hulle ook herken as volgelinge van Jesus."

**2. Dit is waarom Paulus ook vir Timoteus sê in 2 Tim. 1:7–8: (wys skyfie 6)**
"Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing. 8Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie; en moet jou ook nie skaam vir my wat om sy ontwil 'n gevangene is nie. Inteendeel, dra jou deel van die ontberings vir die evangelie met die krag wat God jou gee. "

**3. Kyk wat vertel Paulus toe hy in n krisissituasie was en hy van Jesus moet getuig!**
Hy skryf in 2 Tim 4: 16 – 18 (wys skyfie 7)
16Toe ek my die eerste keer voor die hof moes verdedig, het niemand my bygestaan nie; almal het my in die steek gelaat. Mag God hulle dit nie toereken nie! 17Maar die Here het my bygestaan en my krag gegee, sodat deur my die prediking tot sy volle reg kon kom en al die heidennasies dit kon hoor. En ek is uit die bek van die leeu gered. Die Here sal my red van elke onheil en my behoue in sy hemelse koninkryk bring. Aan Hom kom die eer toe tot in alle ewigheid! Amen. "

Geliefde brs en srs, dit is die Here se belofte vanmore aan my en jou! Net soos vir Petrus en Johannes, soos vir Paulus, soos vir miljoene gelowiges deur die eeue, het die Heilige Gees gehelp en gelei sodat hulle van Jesus kon getuig!

4. Moenie bang wees nie om te praat nie, vertrou die Here!

**Glo jy hierdie belofte dat die Here jou sal help? Vertrou jy die Here?** Om te getuig en vir mense van Jesus te vertel is dus dus n kwessie van vertroue nie waar nie ! Tot vier keer in hierdie hoofstuk sê Jesus “Moenie bang wees nie” Vertel vir die mense van my! Glo ons die Here?

Ek sluit af om die Here se boodskap vanmore met ŉ metafoor te vergelyk – die van jou bestuurslisensie! Een van die dinge wat ons almal in die lewe wil doen – is om motor te kan bestuur! Dis ons almal se begeerte! Maar ons moet eers ŉ bestuurslisensie kry! En om daardie bestuurslisensie te kry was ŉ vreesaanjaende storie!

Eers moes ons die K 53 boek leer sodat ons die padreëls kon ken! En toe moes ons op die pad gaan oefen om te bestuur! En hoe bang en onseker was ŉ mens nie daardie eerste keer agter die stuur nie! En daarna die gevreesde bestuurslisensie toets! Ons almal was bang nie waar nie! Bang ek gaan nie slaag nie! En baie van ons het die eerste keer misluk! Ons kon nie die toets slaag nie! Maar ek moes my vrese oorwin en ek moes oefen en oefen tot ek dit kon regkry!

Net so geliefdes wil die Here ons vanmore leer dat ons hierdie opdrag – waarvoor so baie van ons bang is, kan oorwin! Die Here sê vanmore vir ons: ek wil jou agter die stuur van die evangelie se kar hê! Ek wil hê dat jy vir mense van my moet vertel!

Ek weet jy is bang maar ek sal jou help!
Kom ons leer van ons Here! Hoe en wat is die reëls?
1. Ons moet weet: die Here stuur my,
2. ek is vir die Here kosbaar,
3. die Here rus my toe met die Heilige Gees,
4. Hy sal my nie in die steek laat nie! Ek moet Hom vertrou!

Maar hoe sal ek dit weet? Ek moet die bestuurstoets gaan doen! Ek moet met iemand gaan praat! Dan sal ek ervaar hoe getrou die Here Jesus is! Dan sal ek ervaar hoe die Heilige Gees my sal lei! En hoe meer ek dit doen, hoe minder bang sal ek wees en hoe meer sal ek die Here vertrou!

Amen